



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

BESIGHEIDSTUDIES

NOVEMBER 2018

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al VIER hoofonderwerpe.
 AFDELING A: VERPLIGTEND
 AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae
 Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae in hierdie afdeling.
 AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae
 Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.
- Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.
- Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.
- Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.
- Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
- Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	1	40	30
B: VYF direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige DRIE.	2	60	30
	3	60	30
	4	60	30
	5	60	30
	6	60	30
C: VIER opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	7	40	30
	8	40	30
	9	40	30
	10	40	30
TOTAAL		300	180

- Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ens.
- Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
- Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.
- 1.1.1 Hierdie Wet beskerm werkgewers teen 'n finansiële las indien werknemers in 'n ongeluk by die werkplek betrokke sou wees:
- A Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)
 - B Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998)
 - C Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes ('COIDA'), 1997 (Wet 61 van 1997)
 - D Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)
- 1.1.2 Dit was vir Dada Vis & Skyfies maklik om 'n handelslisensie te bekom. Dit verwys na die ... as 'n element van Porter se Vyf Kragte.
- A mag van verskaffers
 - B bedreiging van substitusie/substitute
 - C mag van kopers
 - D bedreigings/versperrings vir nuwe toetreders tot die mark
- 1.1.3 John, 'n groenteboer, het die ... integrasie-strategie geïmplementeer toe hy die vrugte-en-groentestalletjie wat sy produkte verkoop, gekoop het.
- A terugwaartse
 - B voorwaartse
 - C intensiewe
 - D horisontale
- 1.1.4 Hierdie ondernemingsvorm word deur 'n groep mense gestig wat ooreenkom om tot almal se gemeenskaplike ekonomiese voordeel saam te werk:
- A Koöperasie
 - B Beslote korporasie
 - C Persoonlike-aanspreeklikheidsmaatskappy
 - D Privaat maatskappy
- 1.1.5 Die bedrag wat die versekerde moet betaal wanneer hy/sy 'n eis indien:
- A Bybetaling
 - B Premie
 - C Boekwaarde
 - D Rente

- 1.1.6 'n ... leier verseker dat werknemers streng reëls en prosedures volg wanneer hulle hul take uitvoer.
- A Burokratiese
 - B Demokratiese
 - C Outokratiese
 - D Laissez-faire-/Vryeteuels-
- 1.1.7 Spandinamika-teorieë help besighede om ...
- A take aan spanlede met soortgelyke persoonlikhede toe te ken.
 - B take volgens elke spanlid se rol toe te ken.
 - C goeie verhoudinge met spanne te bewerkstellig.
 - D individuele tevredenheid te bevorder.
- 1.1.8 'n King-kode-beginsel wat vereis dat maatskappye gereeld hul finansiële state moet laat audit:
- A Winsgewendheid
 - B Verantwoordelikheid
 - C Volhoubaarheid
 - D Deursigtigheid
- 1.1.9 'n Klein groepie vrywillige werkers wat gereeld bymekaarkom om gehalteverwante sake in die werkplek te bespreek:
- A Gehaltesirkels
 - B Vakbondverteenvoerders
 - C Gehaltebestuurders
 - D Werknemerverteenvoerders
- 1.1.10 Gerald het sy werk by Groen Industrieë verloor, daarom is hy geregtig om van die ...-fonds te eis.
- A Padongelukke
 - B Vergoedings
 - C Mediese hulp
 - D Werkloosheidsversekerings
- (10 x 2) (20)

- 1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

afgedank; verpligte; aanspreeklikheidspolis; taal; sakeplan; ras; afgelê; strategie; by-; aftreeannuïteite

- 1.2.1 'n ... is die plan van aksie wat besighede gebruik om uitdagings op te los.
- 1.2.2 'n Belegger kan slegs geld uit ... onttrek wanneer hy/sy 'n sekere ouderdom bereik.
- 1.2.3 'n Besigheid wat 'n tolk vir vergaderings aanstel, gee aandag aan ... as 'n diversiteitskwessie.
- 1.2.4 Ekon Handelaars bied behuisingstoelaes as 'n ... voordeel aan om nuwe werknemers te lok.
- 1.2.5 Tim se indiensnemingskontrak is nie hernu nie aangesien hy ... is weens growwe wangedrag. (5 x 2) (10)

- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Jaarlikse verlof	A	voer voorlopige onderhoude om geskikte aansoekers te identifiseer
1.3.2	Staaftgrafiek	B	slegs jong mense word vir aanstellings oorweeg
1.3.3	Inklusiwiteit	C	geskil tussen twee of meer partye in die werkplek
1.3.4	Grief	D	visualiseer 'n totale eenheid en die verhouding van die komponente daarvan
1.3.5	Keuring	E	lok geskikte kandidate om vir 'n vakante pos aansoek te doen
		F	werknemers is op 21 opeenvolgende dae geregtig
		G	'n stel verkoopsyfers wat as 'n reeks reghoeke voorgestel word
		H	wanneer 'n werknemer 'n klagte in die werkplek het
		I	mense uit verskillende agtergronde word in diens geneem
		J	werknemers is geregtig op ses weke in 'n driejaarsiklus

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord ENIGE DRIE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy, ens.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

- 2.1 Noem VIER pilare van die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003). (4)
- 2.2 Beskryf in breë trekke die rol van SOOO's ('SETAs') by die ondersteuning van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998). (8)
- 2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DUKA MYNE (DM)

Duka Myne spesialiseer in die ontginning van platinum. Hulle verskaffers van myntoerusting het hul pryse met meer as 20% verhoog. Die toesighouer het nie 'n goeie werksverhouding met sy werknemers nie. DM kan nie meer hul produkte uitvoer nie weens 'n verhoging in die wisselkoers.

- 2.3.1 Noem die besigheidsektor waarin DM bedrywig is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn om die vrae wat volg, te beantwoord.

UITDAGINGS (2.3.2)	BESIGHEIDSOMGEWINGS (2.3.3)	MATE VAN BEHEER (2.3.4)
1.		
2.		
3.		

- 2.3.2 Haal DRIE uitdagings wat Duka Myne moet hanteer uit die scenario hierbo aan. (3)
- 2.3.3 Klassifiseer ELKE aangehaalde uitdaging in VRAAG 2.3.2 volgens die besigheidsomgewing. (3)
- 2.3.4 Noem die mate van beheer wat DM oor ELKE besigheidsomgewing het. (3)
- 2.4 Beskryf DRIE soorte diversifikasie-strategieë. (9)
- 2.5 Verduidelik die doel van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997). (6)

2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SPEEDY DROOGSKOONMAKERS (SD)

Speedy Droogskoonmakers het 'n vakante pos vir 'n ontvangsdame in die koerant geadverteer. Mense met gestremdhede is aangemoedig om vir hierdie vakante pos aansoek te doen.

2.6.1 Identifiseer die Wet wat deur Speedy Droogskoonmakers toegepas is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

2.6.2 Evalueer die impak van die Wet, in VRAAG 2.6.1 geïdentifiseer, op besighede. (8)

2.7 Gee besighede raad oor die stappe om te volg wanneer hulle 'n strategie evalueer. (10)
[60]

VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

3.1 Gee DRIE voorbeelde van versekerbare risiko's. (3)

3.2 Beskryf in breë trekke TWEE regte van gewone aandeelhouers. (4)

3.3 Tammy ken take aan werknemers toe volgens hul vlak van volwassenheid.

3.3.1 Noem die leierskapteorie wat Tammy toepas. (2)

3.3.2 Bespreek die leierskapteorie wat in VRAAG 3.3.1 geïdentifiseer is. (8)

3.4 Onderskei tussen 'n *privaat maatskappy* en 'n *publieke maatskappy*. (8)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Ronnete wil R30 000 vir twee jaar in 'n vaste deposito belê. Sy het twee banke genader. Saints Bank het haar 12% enkelvoudige rente per jaar aangebied en Caprica Bank 12% saamgestelde rente per jaar.

3.5.1 Bereken die rentebedrag wat Ronnete na twee jaar sal ontvang indien sy by Saints Bank belê. (3)

3.5.2 Bereken die rentebedrag wat Ronnete na twee jaar sal ontvang indien sy by Caprica Bank belê. (4)

3.5.3 Beveel die beste beleggingsopsie vir Ronnete aan. Motiveer jou antwoord. (3)

3.6 Bespreek enige TWEE beginsels van versekering. (6)

3.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

JAVAS SKOENVERVAARDIGER (JSV)

Sipho, die bemarkingsbestuurder van JSV, het sy toekomsplanne om verkope te verhoog, aan verskeie belanghebbendes verduidelik. Harde kopieë van sy planne is vir toekomstige verwysing versprei.

- 3.7.1 Identifiseer die tipe visuele hulpmiddel wat Sipho gebruik het. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)
- 3.7.2 Evalueer die impak van die visuele hulpmiddel wat in VRAAG 3.7.1 geïdentifiseer is. (8)
- 3.7.3 Gee Sipho raad oor die faktore wat hy in ag moet neem om vrae op 'n professionele manier te beantwoord. (8)
- [60]**

VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE

- 4.1 Noem VYF oorsake van konflik in die werkplek. (5)
- 4.2 Beskryf in breë trekke die voordele van diversiteit in die werkplek. (8)
- 4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SHINING STARS (SS)

Lerato, Josiah en Gerry het 'n herwinningsprojek, bekend as Shining Stars, begin. Josiah het altyd die ander lede se idees en opinies bevraagteken omdat hy die spanleier wou wees. Die spanlede het uiteindelik saamgestem en konsensus oor die pad vorentoe bereik.

- 4.3.1 Identifiseer die TWEE stadia van spanontwikkeling wat SS ervaar het. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (6)

Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn om VRAAG 4.3.1 te beantwoord.

STADIA VAN SPANONTWIKKELING	MOTIVERING
1.	
2.	

- 4.3.2 Verduidelik DRIE ander stadia van spanontwikkeling. (9)
- 4.4 Bespreek die voordele van kreatiewe denke in die werkplek. (8)
- 4.5 Verduidelik hoe besighede die kragveldontledingstechniek kan toepas om besighedsprobleme op te los. (6)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LELETHU SHUTTLE SERVICES (LSS)

Lelethu Shuttle Services verskaf vervoerdienste aan toeriste in Sharpeville. Albert, 'n werknemer met baie ervaring in die vervoerbedryf, weier om instruksies deur bestuur te aanvaar. Njabulo, die toesighouer by LSS, argumenteer en baklei altyd met die kliënte.

4.6.1 Identifiseer die tipes moeilike persoonlikhede wat deur Albert en Njabulo getoon word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (6)

Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn om VRAAG 4.6.1 te beantwoord.

WERKNEMERS	SOORT MOEILIKE PERSOONLIKHEID	MOTIVERING
Albert		
Njabulo		

4.6.2 Beveel EEN strategie aan wat LSS kan gebruik om ELKE soort moeilike persoonlikheid wat in VRAAG 4.6.1 geïdentifiseer is, te hanteer. (4)

4.7 Stel maniere voor waarop besighede maatskaplike regte in die werkplek kan bevorder. (8)

[60]

VRAAG 5: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

5.1 Noem VIER bronne van interne werwing. (4)

5.2 Beskryf in breë trekke die doel van induksie as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit. (8)

5.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ELZETTE HANDELAARS (EH)

Elzette het vyf geskikte kandidate op 'n kortlys geplaas en hulle vir onderhoude genooi. Kandidate het dieselfde hoeveelheid tyd gekry en hulle antwoorde is opgeneem. Alle kandidate het selfvertroue getoon en het vrae gevra om duidelikheid te verkry.

5.3.1 Haal uit die scenario hierbo die rol van die onderhoudvoerder en aansoeker gedurende die onderhoud aan.

Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn om VRAAG 5.3.1 te beantwoord.

ROL	AANHALINGS
Onderhoudvoerder/Elzette	1. 2.
Aansoeker/Kandidate	1. 2.

(4)

5.3.2 Verduidelik die onderhoudvoerder se rol wanneer vir 'n onderhoud voorberei word. (8)

5.4 Onderskei tussen *posbeskrywing* en *possesifikasie*. (8)

5.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

STRYDOM LEER BEPERK (SLB)

Strydom Leer Beperk is 'n groot besigheid wat in die vervaardiging van leerhandsakke van hoë gehalte spesialiseer. Hulle gradeer hul produksieproses gereeld op om voor hul mededingers te bly. Klante word altyd gevra om terugvoering oor hul produkte te gee.

5.5.1 Identifiseer die totale gehaltebestuur(TGB)-elemente wat deur SLB toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn om VRAAG 5.5.1 te beantwoord.

TGB-ELEMENTE	MOTIVERING
1.	
2.	

(6)

5.5.2 Evalueer die impak van EEN TGB-element, in VRAAG 5.5.1 geïdentifiseer, op Strydom Leer Beperk as 'n groot besigheid. (8)

5.6 Verduidelik die impak van TGB indien besighede dit swak implementeer. (6)

5.7 Gee besighede raad oor die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel. (8)

[60]

VRAAG 6: DIVERSE/ALLERLEI ONDERWERPE

BESIGHEIDSOMGEWINGS

6.1 Identifiseer die PESTWO-element wat 'n uitdaging vir Tsego Vervaardigers in ELKE stelling hieronder bied.

6.1.1 Klante kan as gevolg van lae inkomstevlakke nie Tsego Vervaardigers se produkte bekostig nie. (2)

6.1.2 Tsego Vervaardigers kan dit nie bekostig om die korrekte prosedures om van afvalmateriaal ontslae te raak, te implementeer nie. (2)

6.1.3 Tsego Vervaardigers het as gevolg van 'n gebrek aan aanlyn koopfasiliteite baie klante verloor. (2)

6.1.4 Tsego Vervaardigers het hul pryse as gevolg van die hoë inflasiekoers verhoog. (2)

6.2 Verduidelik die voordele van intensiewe strategieë vir besighede. (6)

BESIGHEIDSGELEENTHEDE

- 6.3 Bespreek die belangrikheid van maatskappye in staatsbesit (MSB). (6)
- 6.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

JENNY EN JONE OUDITEURE (JJO)

Jenny en Jone Ouditeure het hulle kantoorgebou vir R1 000 000 verseker. Die markwaarde van die gebou is R1 500 000. Die gebou is deur oorstromings beskadig en die skade het R80 000 beloop. Hulle het R53 333 as vergoeding by die versekeringsmaatskappy ontvang.

- 6.4.1 Identifiseer die versekeringsklousule wat deur die versekeringsmaatskappy in die scenario hierbo toegepas is. (2)
- 6.4.2 Brei uit oor die betekenis van die versekeringsklousule wat in VRAAG 6.4.1 geïdentifiseer is. (4)
- 6.4.3 Beskryf in breë trekke TWEE voordele van versekering vir besighede. (4)

BESIGHEIDSROLLE

- 6.5 Gee VIER voorbeelde van onbillike reklame. (4)
- 6.6 Identifiseer die probleemoplossingstegniek wat deur Garry Fietswinkel in ELKE stelling hieronder toegepas is.
- 6.6.1 Garry neem aan 'n rolspeelgesprek met 'n denkbeeldige persoon deel om duidelikheid oor 'n voorgestelde oplossing vir 'n probleem te kry.
- 6.6.2 Werknemers is gevra om eers self idees te kry en om dit dan met die ander groeplede te deel.
- 6.6.3 Kundiges is versoek om 'n vraelys te voltooi oor hoe om hulle besighedsprobleme op te los. (6)
- 6.7 Beveel strategieë aan wat besighede kan gebruik om die prysbepaling van goedere in landelike gebiede te hanteer. (6)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

- 6.8 Definieer *plasing* as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit. (2)
- 6.9 Verduidelik TWEE salarisvasstellingsmetodes wat besighede kan toepas om hul werknemers te vergoed. (6)
- 6.10 Gee die menslikehulpbronbestuurder raad oor aspekte wat by 'n indiensnemingskontrak ingesluit moet word. (6)

[60]**TOTAAL AFDELING B: 180**

AFDELING C

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 7 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 8 op 'n NUWE bladsy, ens.

VRAAG 7: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

Baie verbruikers het die instelling van die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008) en die Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005) verwelkom aangesien dit hulle teen onbillike sakepraktyke beskerm. Sommige besighede glo dat die NKW hul markaandeel verklein en wil daarom nie hierdie wet nakom nie.

As 'n kenner van onlangse wetgewing, skryf 'n opstel oor die volgende aspekte:

- Beskryf in breë trekke die doel van die WVB.
- Bespreek die impak van die WVB op besighede.
- Beveel maniere aan waarop besighede die volgende verbruikersregte kan bevorder, soos in die WVB gestipuleer:
 - Reg tot privaatheid en vertroulikheid
 - Reg tot inligting oor produkte en ooreenkomste
 - Reg tot regverdige waarde/hoë gehalte en veiligheid
- Gee besighede raad oor strafmaatreëls/gevolge wat vir die nienakoming van die NKW toegepas kan word.

[40]**VRAAG 8: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BELEGGINGS EN ONDERNEMINGSVORME)**

Peter en Teko is vennote in P & T Konsultante. Hulle oorweeg dit om hul surplusfondse in die RSA-kleinhandelspaareffekte/regering se kleinhandel-effekte en in voorkeuraandele van maatskappye wat op die JSE genoteer is, te belê.

Hou die scenario hierbo in gedagte en skryf gedetailleerde aantekeninge oor die volgende aspekte:

- Beskryf in breë trekke die funksies van die JSE.
- Beskryf VIER soorte voordeelaandele.
- Evalueer die impak van die RSA-kleinhandelspaareffekte/regering se kleinhandel-effekte op beleggers.
- Gee Peter en Teko raad oor hoe die volgende faktore tot die sukses en/of mislukking van hul vennootskap kan bydra:
 - Bestuur
 - Wetgewing

[40]

VRAAG 9: BESIGHEIDSROLLE (MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID, KMV EN KMI)

Daar word van besighede verwag om tot die welstand van die gemeenskappe waarin hulle sake bedryf, by te dra. MIV/Vigs en werkloosheid is geïdentifiseer as belangrike sosio-ekonomiese kwessies wat 'n impak op besighede het. Daar word van besighede verwag om aan hierdie kwessies aandag te gee deur inisiatiewe vir korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV) en korporatiewe maatskaplike investering (KMI).

Skryf 'n opstel waarin jy aan die volgende aspekte aandag gee:

- Onderskei tussen *KMV* en *KMI*.
- Verduidelik die impak van KMV op gemeenskappe.
- Beveel strategieë aan oor hoe besighede HIV/Vigs en werkloosheid as sosio-ekonomiese kwessies kan hanteer.
- Stel VYF maniere voor waarop besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van die gemeenskap te verbeter, MIV/Vigs- en werkloosheidstrategieë uitgesluit.

[40]**VRAAG 10: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (GEHALTE VAN PRESTASIE)**

Besighede implementeer gehalteversekering sodat hulle gehalteprodukte kan vervaardig. Sommige bestuurders glo dat dit bereik kan word deur op gehaltebestuur en gehalteprestasie te fokus. Ander redeneer dat die algemene bestuursfunksie en produksiefunksie 'n belangrike rol by die implementering van totale gehaltebestuur (TGB) speel.

Gee 'n diepgaande studie van gehalte van prestasie deur na die volgende aspekte te verwys:

- Brei uit oor die betekenis van *gehalteversekering*.
- Onderskei tussen *gehaltebestuur* en *gehalteprestasie*.
- Stel gehalte-aanwysers van die algemene bestuursfunksie en die produksiefunksie voor.
- Gee besighede raad oor hoe TGB 'n impak op die vermindering van die koste van gehalte kan hê.

[40]

TOTAAL AFDELING C: 80
GROOTTOTAAL: 300



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

BESIGHEIDSTUDIES

NOVEMBER 2018

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 300

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 48 bladsye.

NOTAS AAN NASIENERS**INLEIDING**

Die notas aan nasieners word voorsien vir gehalteversekeringsdoeleindes om die volgende te verseker:

- (a) Regverdigheid, konsekwentheid en betroubaarheid in die standaard van nasien
- (b) Fasiliteer die moderering van kandidate se skrifte op verskillende vlakke
- (c) Vereenvoudig die nasienproses met inagneming van die breë spektrum nasieners oor die hele land
- (d) Implementeer toepaslike maatreëls in die onderrig, leer en assessering van die vak by skole/onderwysinstellings

1. Vir nasien- en modereringsdoeleindes, word die volgende kleure aanbeveel:

Nasiener:	Rooi
Senior nasiener:	Groen
Adjunkhoofnasiener:	Bruin/Swart/Blou
Hoofnasiener:	Pienk
Interne Moderator:	Oranje
DBE moderator:	Turkoois

2. Omvattende nasienriglyne word voorsien, maar dit is geensins volledig nie. Behoorlike oorweging moet gegee word aan 'n antwoord wat korrek is, maar:

- 'n Ander uitdrukking gebruik as wat in die nasienriglyne gegee word
- Uit 'n ander bron kom
- Oorspronklik is
- 'n Ander benadering gebruik

LET WEL: Daar is slegs EEN korrekte antwoord in AFDELING A.

3. Kandidate se antwoorde vir AFDELING B en C moet in volsinne wees. Dit sal egter van die aard van die vraag afhang.
4. Neem kennis van ander verwante antwoorde wat deur kandidate verskaf word en ken punte dienooreenkomstig toe. (In die geval waar die antwoord onduidelik is of 'n mate van begrip aandui, moet deelpunte toegeken word, byvoorbeeld een punt in plaas van die maksimum van twee punte.)
5. Die woord 'Subtotaal' word gebruik om die toekenning van punte binne 'n vraag of subvraag te vergemaklik.
6. Die doel daarvan om punte (gelei deur 'maks' in die uiteensetting van die punte) aan die regterkant te omkring is om konsekwentheid en akkuraatheid te verseker met die nasien van die skrifte asook met berekeninge/moderering.
7. Subtotale van vrae moet in die regterkantlyn geskryf word. Omkring die subtotale, soos aangedui by die toekenning van punte. Dit moet deur 'maks' in die nasienriglyne. Slegs die totaal vir elke antwoord moet in die linkerkantlyn langs die toepaslike vraagnommer verskyn.

8. In 'n indirekte vraag moet die teorie sowel as die antwoord tersaaklik wees en verband hou met die vraag.
9. Foutiewe nommering van antwoorde en sub-vrae in AFDELING A en B sal streng geenaliseer word. Daarom word korrekte nommering in alle afdelings sterk aanbeveel.
10. Geen addisionele krediet moet vir die herhaling van feite gegee word nie. Dui aan met 'n 'H' of 'R'.
11. Neem kennis dat geen punte toegeken sal word vir die aanduiding Ja/Nee in die evalueringstipe vrae wat bevestiging of motivering vereis nie. (Van toepassing op AFDELING B en C)
12. Die verskil tussen 'evalueer' en 'kritiese evaluering' kan soos volg verduidelik word:
- 12.1 Wanneer 'evalueer' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem, bv. **Positief:** *'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word √ op lang siviele hofgedinge.'*√
- 12.2 Wanneer 'kritiese evaluering' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem. In hierdie geval word van kandidate ook verder verwag om hulle antwoorde te ondersteun met dieper insig, bv. *'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word√ op lang siviele hofgedinge√, want die werkgewer sal nie verantwoordelik wees om vergoeding aan die werknemer te betaal as beserings opgedoen is tydens werksure nie, solank as wat die besigheid kan bewys dat hy nie agterlosig was nie.'*√
- LET WEL:**
1. Bogenoemde kan ook van toepassing wees op 'analiseer'.
 2. Let op die plasing van die merkie(√) in die toekenning van punte.
13. Die toekenning van punte moet gelei word deur die aard van die vraag, kognitiewe werkwoord wat gebruik is, puntetoekenning in die nasienriglyne en die konteks van elke vraag.

Kognitiewe werkwoorde, soos:

- 13.1 Adviseer, noem, beskryf in breë trekke, motiveer, aanbeveel, stel voor, (*lys nie volledig nie*) vereis gewoonlik nie veel diepte in kandidate se antwoorde nie. Die uiteensetting van punte vir elke stelling/antwoord sal dus aan die einde daarvan verskyn.
- 13.2 Definieer, beskryf, verduidelik, bespreek, brei uit, onderskei/toon verskille/differensieer, regverdig, ontwerp, ontwikkel, ontleed, evalueer, evalueer krities (*lys nie volledig nie*) vereis meer diepgaande begrip, toepassing en beredenering. Die punte moet dus meer objektief toegeken word om te verseker dat assessering volgens die vasgestelde norme geskied, sodat eenvormigheid, konsekwentheid en regverdigheid behaal kan word.

14. Sien slegs die EERSTE antwoord na waar kandidate meer as een antwoord verskaf vir AFDELING B en C vrae waar slegs een antwoord vereis word.

15. **AFDELING B**

15.1 Indien, byvoorbeeld, VYF feite vereis word, sien die kandidaat se EERSTE VYF antwoorde na en ignoreer die res van die antwoorde. Dui dit aan deur 'n lyn deur die onnagesiende gedeelte te trek en gebruik die woord 'Kanselleer'.

LET WEL: Dit is slegs van toepassing waar die getal feite gespesifiseer word.

15.2 Indien twee feite in een sin geskryf word, gee VOLLE krediet aan die kandidaat. Punt 15.1 geld steeds.

15.3 Indien daar van kandidate verwag word om hulle eie voorbeelde/menings te gee, beredeneer dit by die nasiensentrum ten einde die alternatiewe antwoorde te finaliseer.

15.4 **Gebruik van kognitiewe werkwoorde en toekenning van punte:**

15.4.1 Waar die getal feite wat vereis dat kandidate moet 'verduidelik/bespreek/beskryf', gespesifiseer is, sal dit soos volg nagesien word:

- Feit 2 punte (of soos aangedui in die nasienriglyne)
- Verduideliking 1 punt

Die 'feit' en 'verduideliking' word apart in die nasienriglyne gegee om die toekenning van punte te vergemaklik.

15.4.2 Indien die getal feite nie gespesifiseer word nie, moet puntetoekenning gelei word deur die aard van die vraag en die maksimum punte in die nasienriglyne toegeken.

15.5 **EEN punt kan toegeken word vir antwoorde wat maklik is om te herroep, wat een woord as antwoord vereis of wat direk aangehaal word uit 'n scenario/gevallestudie. Dit is spesifiek van toepassing op AFDELING B EN C (waar van toepassing).**

16. **AFDELING C**

16.1 Die punte-uiteensetting vir die opsteltipe vrae is soos volg:

Inleiding	Maksimum: 32
Inhoud	
Gevolgtrekking	
Insig	8
TOTAAL	40

16.2 Insig bestaan uit die volgende komponente:

Struktuur/Uitleg	Is daar 'n inleiding, inhoud en 'n gevolgtrekking?	2
Ontleding en vertolking	Is die kandidaat in staat om die vraag in opskrifte/sub-opskrifte te ontleed/korrek te interpreteer sodat begrip van wat gevra word, getoon word? Punte toegeken volgens die onderstaande gids: Alle opskrifte geadresseer: 1 (Een 'A') Interpretasie (16 tot 32 punte): 1 (Een 'A')	2
Sintese	Is daar relevante besluite/feite/antwoorde gemaak wat op die vrae gebaseer is? Punte toegeken volgens die onderstaande gids: Geen relevante feite: 0 (Twee '-S') 'n Paar relevante feite: 1 (Een '-S') Slegs relevante feite: 2 (Geen '-S') Opsie 1: Waar 'n kandidaat 50% of meer van die vraag met slegs relevante feite beantwoord het, verskyn geen '-S' in die linkerkantlyn. Ken die maksimum van TWEE (2) punte vir sintese toe. Opsie 2: Waar 'n kandidaat minder as 50% van die vraag met slegs OF 'n paar relevante feite beantwoord het, verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe. Opsie 3: Waar 'n kandidaat minder as 50% van die vraag met geen relevante feite beantwoord het, verskyn twee '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n NUL punt toe vir sintese.	2
Oorspronklikheid	Is daar bewyse van voorbeelde, aktuele inligting, huidige neigings en ontwikkelings?	2
TOTAAL VIR INSIG:		8
TOTAAL VIR FEITE:		32
TOTALE PUNTE VIR OPSTEL (8 + 32):		40

- LET WEL:**
- 1. Geen punte sal toegeken word vir inhoud wat herhaal word uit die inleiding en gevolgtrekking nie.**
 - 2. Die kandidaat verbeur punte vir uitleg indien die woorde INLEIDING en GEVOLGTREKKING nie voorkom nie.**
 - 3. Geen punte sal toegeken word vir uitleg as die opskrifte INLEIDING en GEVOLGTREKKING/SLOT nie deur 'n verduideliking ondersteun word nie.**

16.3 Dui insig in die linkerkantse kantlyn aan met 'n simbool, bv. ('S, A,- S en/of O').

16.4 Die komponente van insig word aan die einde van die voorgestelde antwoord/nasienriglyne vir elke vraag aangedui.

- 16.5 Sien alle relevante feite na totdat die SUBMAKS/MAKS punte vir elke onderafdeling behaal is. Skryf SUBMAKS/MAKS nadat maksimum punte behaal is.
- 16.6 Aan die einde van elke opstel, dui die toekenning van punte vir feite en punte vir insig soos volg aan:
(S – Struktuur, A – Ontleding, S – Sintese, O – Oorspronklikheid)
soos in die tabel hieronder aangedui.

INHOUD	PUNTE
Feite	32 (maks.)
S	2
A	2
S	2
O	2
TOTAAL	40

- 16.7 Wanneer punte vir feite toegeken word, neem kennis van die submaksimum wat aangedui word, veral as kandidate nie dieselfde subopskrifte gebruik nie. Onthou opskrifte en subopskrifte word aangemoedig en dra by tot insig (struktuur/logiese vloei/volgorde) en dui duidelikheid van denke aan.
(Sien PUNTE-UITEENSETTING aan die einde van elke vraag).
- 16.8 Indien die kandidaat die vraag VERKEERD identifiseer/vertolk, kry hy/sy steeds punte vir uitleg/struktuur.
- 16.9 Indien 'n ander benadering deur kandidate gebruik word, maak seker dat antwoorde geassesseer word in ooreenstemming met die puntetoekenning/subopskrifte soos aangedui in die nasienriglyne.
- 16.10 16.10.1 Ken TWEE punte toe vir volledige sinne. Ken EEN punt toe vir frases/sinsdele, onvoltooide sinne en vae antwoorde.
- 16.10.2 Met ingang November 2015, sal die TWEE punte nie noodwendig aan die einde van elke voltooide sin getoon word nie. Punte (✓) sal geskei wees en langs elke feit aangedui word, bv. 'Produkontwikkeling is 'n groeistrategie✓ waar ondernemings poog om nuwe produkte in bestaande markte bekend te stel.'✓
Dit sal deur die aard en konteks van die vraag, sowel as die kognitiewe werkwoord wat gebruik is, gelei word.
- 16.11 Met ingang November 2017, sal die maksimum van TWEE (2) punte vir feite in die nasienriglyne as opskrifte getoon, nie noodwendig vir elke vraag geld nie. Dit sal deur die aard van die vraag bepaal word.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	C√√		
	1.1.2	D√√		
	1.1.3	B√√		
	1.1.4	A√√		
	1.1.5	A√√		
	1.1.6	A√√		
	1.1.7	B√√		
	1.1.8	D√√		
	1.1.9	A√√		
	1.1.10	D√√	(10 x 2)	(20)
1.2	1.2.1	strategie√√		
	1.2.2	aftree-annuïteite√√		
	1.2.3	taal√√		
	1.2.4	by√√		
	1.2.5	afgedank√√	(5 x 2)	(10)
1.3	1.3.1	F√√		
	1.3.2	G√√		
	1.3.3	I√√		
	1.3.4	H√√		
	1.3.5	A√√	(5 x 2)	(10)

TOTAAL AFDELING A: 40**UITEENSETTING VAN PUNTE**

VRAAG 1	PUNTE
1.1	20
1.2	10
1.3	10
TOTAAL	40

AFDELING B

Sien SLEGS die EERSTE DRIE antwoorde na.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS**2.1 Pilare van BBSEB****Opsie 1**

- Eienaarskap√
- Bestuur√
- Indiensnemingsgelykheid/-billikheid√
- Vaardigheidsontwikkeling√
- Ondernemingsontwikkeling√
- Verskaffers ontwikkeling/Voorkeurverkryging√
- Sosio-ekonomiese ontwikkeling/Korporatiewe maatskaplike investering√

OF**Opsie 2**

- Eienaarskap√
- Bestuur en beheer√
- Vaardigheidsontwikkeling√
- Ondernemings en verskaffersontwikkeling√
- Sosio-ekonomiese ontwikkeling√

LET WEL: Sien slegs die eerste VIER (4) na.

(4 x 1) (4)**2.2 Rol van SOOOs (SETAs)**

- Ontwikkel sektor vaardigheidsplanne binne die raamwerk van die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingsstrategie.√√
- Stel vaardigheidsontwikkelingsplanne op vir hul spesifieke ekonomiese sektore.√√
- Keur vaardigheidsplanne en jaarlikse opleidingsverslae goed.√√
- Ken toelaes toe aan werkgewers, onderwys- en opleidingverskaffers.√√
- Betaal toelaes uit aan maatskappye wat voldoen aan die vereistes van die WVO.√√
- Monitor/Evalueer werklike opleiding deur diensverskaffers.√√
- Bevorder en vestig leerderskappe.√√
- Registreer leerderskap-ooreenkomste/leerprogramme.√√
- Voorsien opleidingsmateriaal/-programme vir vaardigheidsontwikkelings-fasiliteerders.√√
- Voorsien akkreditasie vir vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerders.√√
- Hou toesig oor opleiding in verskillende sektore in SA se ekonomie.√√
- Bevorder leerderskappe en leerprogramme deur gepaste werksplekke vir praktiese werksondervinding te identifiseer.√√
- Vorder heffings in en betaal toelaes uit soos benodig.√√
- Doen verslag aan die Direkteur-Generaal.√√
- Enige ander relevante antwoord wat met die rol van SOOO's/SETAs verband hou.

Maks (8)

2.3 Besigheidsektore/Besigheidsomgewings

2.3.1 Primêre sektor√√ (2)

Motivering

Duka Myne spesialiseer in die ontginning van platinum.√ (1)

LET WEL: Ken geen punte toe vir die motivering indien die besigheidsektor verkeerd geïdentifiseer is.**Maks (3)****2.3.2 Klassifikasie van uitdagings en die mate van beheer**

UITDAGINGS (2.3.2)	BESIGHEIDS- OMGEWINGS (2.3.3)	MATE VAN BEHEER (2.3.4)
1. Hulle verskaffers van myntoerusting het hulle pryse met meer as 20% verhoog.√	- Mark-omgewing√	- Gedeeltlike/ Bepaalde/Min beheer/ Geen beheer, maar kan beïnvloed√
2. Die toesighouer het nie 'n goeie werksverhouding met sy werknemers nie.√	- Mikro-omgewing√	- Volle beheer√
3. DM kan nie meer hul produkte uitvoer nie weens 'n verhoging in die wisselkoers.√	- Makro-omgewing√	- Geen beheer√
Maks (3)	Maks (3)	Maks (3)

- LET WEL: 1. Geen punte word toegeken indien die uitdagings nie volledig uit die scenario aangehaal is nie.**
- 2. Geen punte vir besigheidsomgewings word toegeken indien dit nie met die uitdagings skakel nie.**
- 3. Ken punte vir besigheidsomgewings toe selfs as die aanhaling nie volledig is nie.**
- 4. Die mate van beheer moet met die besigheidsomgewing skakel.**
- 5. Geen punte word toegeken vir die mate van beheer indien die besigheidsomgewing nie genoem is nie.**
- 6. Die volgorde mag verskillend wees.**

Maks (9)**2.4 Soorte diversifikasie strategieë**

- Konsentriese/Verwante diversifikasie√√
 - o Die onderneming voeg 'n nuwe produk/diens wat verwant is aan huidige produkte en wat aantreklik vir nuwe klante kan wees.√
 - o Vind plaas wanneer 'n besigheid sy produkreeks en markte wil vergroot.√
 - o Enige ander relevante antwoord wat verband hou met konsentriese/verwante as 'n diversifikasie strategie.

Strategie (2)
Beskrywing (1)
Submaks (3)

- Horisontale diversifikasie√√
 - o Die besigheid voeg nuwe produkte of dienste wat geen verband het met huidige produkte nie, maar wat aantreklik vir huidige kliente kan wees.√
 - o Vind plaas wanneer 'n besigheid 'n ander besigheid oorneem of saamsmelt wat op dieselfde produksievlak is, maar 'n ander produk aanbied.√
 - o Enige ander relevante antwoord wat verband hou met horisontale diversifikasie as 'n diversifikasie strategie.

Strategie (2)
Beskrywing (1)
Submaks (3)

- Konglomerate/Onverwante diversifikasie√√
 - o Die besigheid voeg nuwe produkte of dienste by wat glad nie verwant is aan huidige produkte nie, maar wat vir nuwe groepe kliente aantreklik kan wees.√
 - o Konglomerate/Onverwante diversifikasie beteken dat 'n besigheid groei met nuwe produkte, dienste en markte.√
 - o Enige ander relevante antwoord wat verband hou met konglomerate/onverwante diversifikasie as 'n diversifikasie strategie.

Strategie (2)
Beskrywing (1)
Submaks (3)
Maks (9)

LET WEL: Merk slegs die eerste DRIE.

2.5 Doel van WBDV

- Dwing/Bepaal basiese diensvoorwaardes√ vir werkgewers en werknemers.√
- Stel minimum vereistes/standaarde√ vir die indiensnemingskontrak.√
- Reguleer die reg tot billike arbeidspraktyke√ soos vervat in die Grondwet.√
- Dit voldoen aan die reëls en regulasies√ soos deur die Internasionale Arbeidsorganisasie vereis.√
- Reguleer die variasies√ van basiese diensvoorwaardes.√
- Bevorder ekonomiese ontwikkeling√ en maatskaplike geregtigheid.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die doel van die WBDV.

Maks (6)

2.6 Wetgewing

- 2.6.1 - Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)/Wet op Gelyke Indiensneming/WGI.√√

(2)

Motivering

Mense met gestremdhede is aangemoedig om vir hierdie vakante pos aansoek te doen.√

(1)

LET WEL: Ken geen punte toe vir die motivering indien die Wet verkeerd geïdentifiseer is.

Maks (3)

2.6.2 Impak van WGI op besighede

Positiewe

- Bevorder gelyke geleenthede✓ en regverdige behandeling met indiensneming.✓
- Moedig konsultasie✓ tussen werkgewer en werknemers aan.✓
- Motiveer werknemers✓, omdat die arbeidsmag meer divers/verteenwoordigend/inklusief is.✓
- Aanstellingsproses is duidelik uiteengesit✓, dus is alle partye deeglik ingelig.✓
- Voorkom onregverdige diskriminasie✓, omdat dit verseker dat die arbeidsmag die demografie van die land verteenwoordig/ bevorderdiversiteit in die werksplek.✓
- Dit skep 'n raamwerk✓ van aanvaarbare indiensnemingspraktyke/regstellende aksie maatreëls.✓
- Bevorder die implementering van regstellende aksie✓ om die ongelykhede van die verlede reg te stel.✓
- Diversiteit/Inklusiwiteit kan in die werkplek✓ bereik word.✓
- Besighede is in 'n beter posisie om kontrakte✓ met die regering te beding✓/ Positiewe impak✓ op SEB tellings vir besighede.✓
- Gesertifiseerde psigometriese toetse kan gebruik word✓ om aansoekers/ werknemers te assesser om te verseker dat die geskikte kandidaat aangestel word.✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe impak van die WGI op besighede.

EN/OF

Negatiewe

- Verhoogde administratiewe las✓, omdat besighede elke tweede jaar gelyke indiensnemingsverslae moet opstel/indien.✓
- Baie duur om iemand op te lei/aan te stel✓ wat min van die Wet weet.✓
- Ander groepe kan dalk nie die kennis/vaardighede/ondervinding van die GI-aanstelling respekteer nie✓, en dit kan lei tot konflik.✓
- Boetes/Strafbetalings vir 'n besigheid wat nie die wet nakom nie✓ kan die besigheid duur te staan kom.✓
- Werkgewers moet een of meer senior bestuurders aanstel om die implementering van die plan te verseker✓, wat lei tot verhoogde salarisuitgawes.✓
- Besighede moet 'n voldoeningssertifikaat indien✓ voordat hulle sake met staatsinstellings kan doen.✓
- Besighede is soms onder druk om 'n onbevoegde GI-persoon aan te stel✓ om aan GI vereistes te voldoen.✓
- Soms word poste nie gevul nie✓, omdat daar nie geskikte GI-kandidate beskikbaar is nie.✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe impak van die WGI op besighede.

LET WEL: Aanvaar relevante feite indien die Wet/WGI foutiewelik as antwoord in in VRAAG 2.6.1 geïdentifiseer is. Maks (8)

2.7 Stappe om 'n strategie te evalueer

- Onderzoek die onderliggende basis van 'n besigheidstrategie.√√
- Kyk vorentoe en agtertoe in die implementeringsproses.√√
- Vergelyk die verwagte werkprestasie met die werklike werkprestasie.√√
- Meet besigheidsprestasie om die redes vir die afwykings te bepaal en ontleed hierdie redes.√√
- Neem korrektiewe stappe sodat afwykings reggestel kan word.√√
- Stel spesifieke datums vir beheer en opvolg vas.√√
- Trek 'n tabel van die voordele en nadele van 'n strategie op.√√
- Besluit oor die verwagte uitkoms.√√
- Oorweeg die invloed van die strategiese implementering in die interne en eksterne omgewings van die besigheid.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die stappe in die evaluering van 'n strategie.

LET WEL: Aanvaar stappe in enige volgorde.**Maks (10)****UITEENSETTING VAN PUNTE**

VRAAG 2	PUNTE
2.1	4
2.2	8
2.3.1	3
2.3.2	3
2.3.3	3
2.3.4	3
2.4	9
2.5	6
2.6.1	3
2.6.2	8
2.7	10
TOTAAL	60

VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE**3.1 Voorbeelde van versekerbare risiko's**

- Diefstal√
- Getrouheidsversekering√
- Inbrake√
- Geld in transitio√
- Vuur√
- Natuurlike rampe/Storms/Wind/Reën/Hael√
- Skade aan/Verlies van bates/voertuie/toerusting/geboue/persele√
- Beserings op persele√
- Enige ander relevante voorbeeld wat verband hou met versekerbare risiko's.

LET WEL: Sien slegs die eerste DRIE (3) na.**(3x1) (3)**

3.2 Regte van gewone aandeelhouders

- Aandeelhouders het die reg om:
 - o te stem by die Algemene Jaarvergadering.√√
 - o die Algemene Jaarvergadering by te woon om meer van die maatskappy se prestasie uit te vind.√√
 - o interim en jaarlikse verslae te ontvang.√√
 - o eise op die maatskappy se bates in te dien in die geval van bankrotskap nadat al die krediteure en voorkeuraandeelhouders betaal is.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met regte van gewone aandeelhouders.

LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.

(2x2) (4)

3.3 Leierskapsteorieë**3.3.1 Situasionele leierskapsteorie√√**

(2)

3.3.2 Situasionele leierskapsteorie

- Verskillende leierskapseienskappe√ word benodig vir verskillende situasies.√
- Die taak/situasie dikteer/bepaal die leierskapstyl wat toegepas moet word√, daarom moet leiers aanpasbaar/buigsaam/selfversekerd wees.√
- Doeltreffende toepassing van hierdie teorie kan leiers in staat stel√ om hul doel-witte te bereik.√
- Verhoudinge tussen leiers en werknemers√ is gebaseer op wedersydse vertroue/respek/lojaliteit/integriteit/eerlikheid.√
- Leiers het die vermoë om 'n situasie te 'lees'/die gepaste persone in die regte posisies te plaas√ om take suksesvol af te handel.√
- Leiers analiseer groepslede/doelwitte/tydsbeperkinge√, en gebruik dan 'n gepaste/relevante leierskapstyl.√
- Mag lei tot konflik√ wanneer leiers verskillende leierskapstyle toepas om werkers in verskillende situasies te lei/bestuur.√
- Die sukses hang af van die soort verhouding wat bestaan√ tussen die leier en sy volgelinge/ondergeskiktes/werknemers.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die situasionele leierskapsteorie.

LET WEL: Aanvaar relevante feite indien die situasionele leierskapsteorie verkeerdlik in VRAAG 3.3.1 geïdentifiseer is.

Maks (8)

3.4 **Onderskeid tussen 'n privaat maatskappy en 'n publieke maatskappy**

PRIVAAT MAATSKAPPY	PUBLIEKE MAATSKAPPY
- Mag nie aandele√ aan die algemene publiek aanbied nie.√	- Verkoop aandele aan die publiek√ op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs/ JSE.√
- Aandele√ is nie vrylik verhandelbaar nie.√	- Aandele√ is vrylik verhandelbaar.√
- Minium van een direkteur.√	- Minimum van drie direkteure.√
- Naam moet eindig√ met Eiendoms Beperk/(Edms) Bpk.√	- Naam moet eindig√ met Beperk/Bpk.√
- Finansiële state hoef nie geoudit√ en gepubliseer te word nie.√	- Jaarlikse finansiële state moet geoudit√ en gepubliseer word.√
- Hoef nie 'n prospektus te publiseer nie√, aangesien dit nie aandele aan die publiek kan verhandel nie.√	- Moet 'n prospektus registreer en publiseer√ by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom/KMIE.√
- Die maatskappy hoef nie die minimumsubskripsie/minimum aandele√ uit te reik nie.√	- Moet eers die minimumsubskripsie uitreik√, voordat die maatskappy met sake kan begin.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met 'n privaat maatskappy.	- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met 'n publieke maatskappy.
Submaks (4)	Submaks (4)

- LET WEL:**
1. Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.
 2. Verskille moet duidelik wees maar hoef nie gekoppel te wees nie.
 3. Ken 'n maksimum van **VIER (4)** punte toe indien verskille nie duidelik is nie/Sien privaat maatskappy of publieke maatskappy na.
- Maks (8)**

3.5 **Beleggings**3.5.1 **Enkelvoudige rente**

FORMULE: Rente = $H \times R \times T$ √

$R30\ 000$ √ x 12% x 2 jaar√ = $R7200$ √

- LET WEL:**
1. Ken volpunte toe (3) as die antwoord korrek is en geen bewerkinge word gewys nie.
 2. Indien bewerkinge korrek getoon is, maar die finale antwoord is verkeerd, ken 'n maksimum van **TWEE** punte toe.
 3. Indien die antwoord verkeerd is, ken 'n maksimum van **EEN** punt toe vir die verstaan van konsep en metode.
 4. Indien geen bewerkinge gewys word nie en die antwoord is verkeerd, word **NUL** punte toegeken.

Maks (3)

3.5.2 Saamgestelde rente

Opsie 1

$$\text{Jaar 1: } R30\,000 \sqrt{} \times 12\% = R3600 \sqrt{}$$

$$\text{Jaar 2: } R33\,600 \sqrt{} \times 12\% = R4032 \sqrt{}$$

$$\text{Totale rente} = R7632 \sqrt{}$$

OF

Opsie 2

$$\text{FORMULE: } H \times (1 + r)^n \sqrt{}$$

$$R30\,000 \sqrt{} \times (1 + 12/100)^2 \sqrt{}$$

$$R30\,000 \times (1.12)^2 = R37\,632 \sqrt{}$$

$$\text{Totale rente} = R37\,632 - R30\,000$$

$$= R7632 \sqrt{}$$

- LET WEL:**
1. Ken volpunte toe (4) as die antwoord korrek is en geen bewerkinge word gewys nie.
 2. Indien bewerkinge korrek getoon is, maar die finale antwoord is verkeerd, ken 'n maksimum van DRIE punte toe.
 3. Indien die antwoord verkeerd is, ken 'n maksimum van EEN punt toe vir die verstaan van konsep en metode.
 4. Indien geen bewerkinge gewys word nie en die antwoord is verkeerd, word NUL punte toegeken.

Maks (4)

3.5.3 Beste beleggingsopsie

Saamgestelde rente $\sqrt{}$

(2)

Motivering

Saamgestelde rente opbrengs van R7 632 is hoër as die enkelvoudige rente/

Ronnete verdien rente op opgelope rente. $\sqrt{}$

(1)

LET WEL: Ken geen punte toe vir die motivering indien die beste beleggingsopsie nie geïdentifiseer is nie.

Maks (3)

3.6 Beginsels van versekering

Skadeloosstelling/Indemnifikasie $\sqrt{}$

- Gewoonlik van toepassing op korttermynversekering, waar die versekerde vergoed word vir gespesifiseerde/bewese skade/verlies. $\sqrt{}$
- Versekeraar stem in om die versekerde te vergoed vir skade/verliese wat in die kontrak aangedui is, in ruil vir premies wat die versekerde aan die versekeraar betaal. $\sqrt{}$
- Beskerm die versekerde teen die gespesifiseerde gebeurtenis wat kan gebeur. $\sqrt{}$
- Uitbetalings van versekeringsmaatskappye/versekeraar sal slegs gemaak word, as daar bewyse is dat die gespesifiseerde gebeurtenis plaasgevind het/as die versekerde die bedrag van die verlies/skade kan bewys. $\sqrt{}$
- Die bedrag van skadeloosstelling/vergoeding is beperk tot die bedrag van die bewese verlies/skade, selfs al is die bedrag hoër in die polis/versekeringskontrak.
- Versekerde moet in dieselfde posisie as voor die verlies/skade plaasgevind het, geplaas word. $\sqrt{}$ Die versekerde mag nie wins maak uit versekering nie. $\sqrt{}$
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met skadeloosstelling/ indemnifikasie as 'n beginsel van versekering.

Beginnel (2)

Bespreking (1)

Submaks (3)

Sekuriteitstelling/Sekerheid√√

- Van toepassing op langtermynversekering waar die versekeraar onderneem om 'n ooreengekome bedrag uit te betaal in die geval van lewensverlies.√
- 'n Voorafbepaalde bedrag sal uitbetaal word wanneer die versekerde 'n voorafbepaalde ouderdom bereik/beseer raak weens 'n voorafbepaalde gebeurtenis.√
- Doel is om finansiële sekerheid/sekuriteit te voorsien aan die versekerde by aftrede/die afhanklikes van die oorledene.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met sekuriteitstelling/sekerheid as 'n beginsel van versekering.

Beginsel (2)
Bespreking (1)
Submaks (3)

Uiterste goeie trou√√

- Versekerde moet eerlik wees wanneer besonderhede by die sluit van die versekeringskontrak verskaf word.√
- Albei partye/ versekeraar en versekerde moet alle relevante feite bekend maak.√
- Versekerde moet alle inligting wat die omvang van risiko's beïnvloed, bekend maak.√
- Akkurate/Ware besonderhede/inligting moet verskaf word by die indien van eise.√
- Enige ander relevante antwoord wat met verband hou uiterste goeie trou as 'n beginsel van versekering.

Beginsel (2)
Bespreking (1)
Submaks (3)

Versekerbare belang √√

- Versekerde moet bewys dat hy/sy finansiëel sal verloor, indien die versekerde objek beskadig/verlore is of ophou om te bestaan.√
- 'n Versekerbare belang moet in finansiële terme uitgedruk word.√
- Versekerde moet 'n wettige verhouding met 'n versekerde objek in die kontrak hê.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met versekerbare belang as 'n beginsel van versekering.

Beginsel (2)
Bespreking (1)
Submaks (3)

LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.

Maks (6)

3.7 Tipe visuele hulpmiddel**3.7.1 Uitdeelstukke/strooibiljette/brosjures**√√

(2)

Motivering

Harde kopieë van sy planne is vir toekomstige verwysing versprei.√

(1)

LET WEL: Ken geen punte toe vir die motivering indien visuele hulpmiddel verkeerd geïdentifiseer is.

Maks (3)

3.7.2 Impak van uitdeelstukke/strooibiljette/brosjures

Positiewe

- Betekenisvolle uitdeelstukke kan aan die begin van die aanbieding uitgedeel word√ om aandag te trek/deelname aan te moedig.√
- Notas/Hardekopieë van die voorlegging kan aan die einde van die voorlegging uitgedeel word√ as 'n herinnering van die kernfeite van die voorlegging.√
- Bykomende inligting, bv. kontakbesonderhede/pryslyste kan uitgedeel word√ om die besigheid se dienste bekend te stel.√
- Bruikbare inligting vir die verbetering van die volgende aanbieding kan verkry word√ wanneer die gehoor terugvoer-vraelyste voltooi aan die einde van die aanbieding.√
- Dit is maklik om uitdeelstukke op te dateer√ met onlangse inligting of ontwikkelings.√
- Notas kan met elektroniese skyfies vergelyk word√ om die akkuraadheid te bekragtig.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe impak van uitdeelstukke/strooibiljette/brosjures as 'n visuele hulpmiddel.

EN/OF

Negatiewe

- Uitdeelstukke kan nie met oudiomateriaal gekombineer word nie√, daarom fokus dit slegs op die visuele aspekte van die ondersteuningsmateriaal.√
- Die uitdeel van materiaal aan die begin van die aanbieding√ kan die gehoor se aandag aftrek.√
- Aangesien dit slegs die kerninligting opsom√, kan sommige detail verlore raak/uitgelos word.√
- Gedrukte materiaal is duur√ en dit is maklik om hardekopieë te verloor.√
- Verhoog die risiko van ongemagtigde duplisering/gebruik√ van vertroulike inligting.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe impak van uitdeelstukke/strooibiljette/brosjures as 'n visuele hulpmiddel.

LET WEL: Aanvaar relevant feite indien die visuele hulpmiddel foutiewelik in antwoord VRAAG 3.7.1 geïdentifiseer is.

Maks (8)

3.7.3 Beantwoord vrae op 'n professionele manier

- Siphon behoort deur die hele terugvoer sessie te staan.√√
- Wees beleefd/selfversekerd/vriendelik wanneer vrae beantwoord word.√√
- Maak seker dat elke vraag/opmerking verstaan word voordat daarop gereageer word/herbewoord vrae indien onseker.√√
- Hy behoort eers goed te luister en dan te reageer.√√
- Verskaf terugvoering so gou as moontlik nadat die vraag gestel is of na die sessie.√√
- Wees reguit/eerlik/opreg wanneer vrae beantwoord word.√√
- Gebruik eenvoudige taal om voorbeelde in die aanbieding te ondersteun.√√
- Hou antwoorde kort en bly by die punt.√√
- Maak verskoning/erken sy foute indien dit deur die gehoor uitgewys word.√√
- Moedig vrae vanuit die gehoor/belggers aan.√√
- Spreek altyd die vrae aan, nooit die persoon nie.√√
- Gee erkenning vir goeie vrae om die gehoor aan te moedig om vrae te vra.√√
- Siphon behoort nie self in 'n debat betrokke te raak wanneer hy op vrae reageer nie.√√
- Hy behoort nie vrae te ontduik/vermy as hy nie die antwoord ken nie, maar eerder terugvoer daarop op 'n later stadium beloop.√√
- Spreek die volle gehoor/al die beleggers aan en nie net die persoon wat die vraag gevra het nie.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met faktore wat oorweeg moet word om vrae professioneel te beantwoord.

Maks (8)
[60]

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 3	PUNTE
3.1	3
3.2	4
3.3.1	2
3.3.2	8
3.4	8
3.5.1	3
3.5.2	4
3.5.3	3
3.6	6
3.7.1	3
3.7.2	8
3.7.3	8
TOTAAL	60

VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE**4.1 Oorsake van konflik in die werkplek**

- Verskille in agtergrond/kulture/waardes/geloof/taal✓
- Beperkte besigheidshulpbronne✓
- Verskillende doelwitte/doelstellings vir die groep/individue✓
- Persoonlikheidsverskille tussen groep/individue✓
- Verskillende opinies✓
- Onbillike werkslading✓
- Stres wat nie goed bestuur word nie✓
- Onrealistiese verwagtinge✓
- Swak organisering/leierskap/administratiewe prosedures en stelsels✓
- Verwarring rondom skedulering/spertye✓
- Ignorering van reëls/prosedures✓
- Wangedrag/Onaanvaarbare gedrag✓
- Hoë/Intense mededinging/Wedywering✓
- Swak kommunikasie✓
- Onduidelike verantwoordelikhede✓
- Verwarring met persoonlike doelwitte✓
- Konstante veranderinge in die werkplek✓
- Onbillike behandeling van werkers/Begunstiging deur bestuur/Diskriminasie✓
- Gebrek aan vertroue tussen werkers✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met oorsake van konflik in die werkplek.

LET WEL: 1. Sien slegs die eerste VYF (5) na.**2. Aanvaar voorbeelde****(5 x 1) (5)****4.2 Voordele van diversiteit in die werkplek**

- Arbeidsmag-diversiteit verbeter 'n besigheid se vermoë om probleme op te los/ markte te vernuwe/diverse markte te ondersoek.✓✓
- Werknemers waardeer mekaar se diversiteit en leer om by mekaar aanklank te vind/te kommunikeer oor grense van verskeidenheid.✓✓
- Diversiteit in die werkplek verbeter moraal/motivering.✓✓
- Werknemers toon groter lojaliteit aan die besigheid, omdat hulle voel dat hulle gerespekteer/aanvaar/verstaan word.✓✓
- Diverse arbeidsmag kan besighede 'n mededingende voordeel gee, omdat hulle beter dienste as ander kan lewer.✓✓
- Dit maak goeie besigheidsin/verbeter winsgewendheid as verskille gerespekteer/diversiteit getoon word.✓✓
- Diverse besighede verseker dat hul beleide/praktyke elke werknemer bemagtig om sy/haar beste te lewer/volle potensiaal bereik.✓✓
- Belanghebbendes evalueer besighede al hoe meer op hoe hulle diversiteit in die werkplek hanteer/bestuur.✓✓
- Werknemers uit verskillende agtergronde bring verskillende perspektiewe na die besigheid.✓✓
- 'n Diverse arbeidsmag stimuleer debat oor nuwe/beter maniere om dinge gedoen te kry.✓✓
- Werknemers verteenwoordig verskeie groepe en is beter in staat om verbruikers se behoeftes te identifiseer/bevredig.✓✓
- Besighede met 'n diverse arbeidsmag het waarskynlik 'n beter openbare beeld en kan meer klante lok.✓✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met voordele van 'n diverse arbeidsmag.

Maks (8)

4.3.1 **Stadia van spanontwikkeling uit die scenario**

STADIA VAN SPANONTWIKKELING	MOTIVERING
1 Storm/Bestorming√√	Josiah het altyd die ander lede se idees en opinies bevraagteken omdat hy die spanleier wou wees.√
2 Normering/Stel van norme/ Skikking en versoening√√	Die spanlede het uiteindelik saamgestem en konsensus oor die pad vorentoe bereik.√
Submaks (4)	Submaks (2)

**LET WEL: 1. Geen punte moet toegeken word vir die motivering indien die stadiums van spanontwikkeling verkeerd geïdentifiseer is nie.
2. Ken punte toe vir die stadia van ontwikkeling selfs as die motivering onvolledig is.**

Maks (6)4.3.2 **Ander stadiums van spanontwikkeling****Vorming**√√

- Individue samel inligting/indrukke in oor mekaar/die omvang van die taak en hoe om dit te benader.√
- Dis 'n gemaklike stadium om in te wees.√
- Individue fokus daarop om met roetine-take besig te wees, soos spanorganiserings/wie doen wat/wanneer vergader gaan word√, ens.
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met vorming stadium van spanontwikkeling.

Stadium (2)
Verduideliking (1)
Submaks (3)

Prestasie/Werkverrigting/Werk as 'n span na 'n doel √√

- Spanlede is bewus van strategieë en doelwitte van die span.√
- Hulle het rigting sonder inmenging van die spanleier.√
- Prosesse en strukture is vasgestel.√
- Leiers deleger en hou toesig oor die prosesse en prosedures.√
- Alle spanlede is nou bekwaam, onafhanklik en in staat om die besluitnemings-proses sonder toesig te hanteer.√
- Verskille tussen spanlede word waardeer en gebruik om die span se prestasie te verbeter.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met prestasie/werkverrigting/ werk as 'n span na 'n doel, van spanontwikkeling.

Stadium (2)
Verduideliking (1)
Submaks (3)

Ontbinding/Treurtydperk √√

- Die fokus is op die voltooiing van die taak/afsluiting van die projek.√
- Die ontbinding van die span kan traumaties wees, omdat spanlede dit moeilik mag vind om weer as individue te funksioneer.√
- Alle take moet voltooi word voordat die span finaal uitmekaar kan gaan.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met ontbinding/treurtydperk van spanontwikkeling.

Stadium (2)
Verduideliking (1)
Submaks (3)

- LET WEL:** 1. Sien slegs die eerste DRIE (3) na.
2. Geen punte word toegeken vir Stormstadium /Bestorming/
Normering/Stel van norme/Skikking en versoening soos
geïdentifiseer in VRAAG 4.3.1 nie.

Maks (9)**4.4 Voordele van kreatiewe denke in die werkplek**

- Beter/Unieke/Ongewone idees/oplossings✓ word verkry.✓
- Kan besighede 'n mededingende voordeel gee✓ indien buitengewone/unieke oplossings/idees/strategieë geïmplementeer word.✓
- Komplekse besigheidsprobleme✓ kan opgelos word.✓
- Produktiwiteit verhoog✓ omdat bestuur/werknemers vinniger 'n verskeidenheid van idees kan verkry sodat tyd en geld meer effektief benut word.✓
- Bestuurders/Werknemers het meer selfvertroue✓ omdat hulle hul volle potensiaal kan bereik.✓
- Bestuurders sal beter leiers wees✓ omdat hulle in staat sal wees om veranderinge positief en kreatief te kan hanteer/bestuur.✓
- Bestuurders/Werknemers kan 'n heel nuwe uitkyk ontwikkel✓ wat toegepas kan word op enige taak(e) wat hul moet uitvoer.✓
- Lei tot meer positiewe gesindhede✓ omdat bestuurders/werknemers voel dat hulle 'n bydrae tot probleemoplossing gelewer het.✓
- Verbeter motivering✓ onder personeellede.✓
- Bestuurders/Werknemers het 'n gevoel van groter sukses✓ en hulle sal nie teenstand bied/in die pad staan sodra hulle probleme opgelos het/tot die sukses van die besigheid bygedra het nie.✓
- Bestuurders/Werknemers kan byhou✓ met vinnige veranderende tegnologie.✓
- Stimuleer inisiatief van bestuurders/werknemers✓, aangesien hulle gedurig uit hulle gemaksone gedwing word.✓
- Kreatiwiteit kan lei tot nuwe uitvindings✓, wat die algemene lewensstandaard verbeter.✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die voordele van kreatiewe denke.

Maks (8)**4.5 Toepassing van die kragveldontledingstegniek**

- Beskryf die huidige situasie/probleem✓ en verwagte situasie.✓
- Lys al die dryfkragte/kragte vir en remkragte/kragte teen✓ wat verandering sal ondersteun en teenstaan.✓
- Ken punte toe aan elke krag✓ deur gebruik te maak van 'n numeriese skaal, waar 1 swak en 5 sterk is.✓
- Weeg die positiewe en die negatiewe op✓ en besluit of die projek lewensvatbaar is.✓
- Kies die krag✓ met die hoogste punt as die oplossing.✓
- Indien die projek lewensvatbaar is✓, vind maniere om kragte vir verandering te verhoog.✓
- Identifiseer prioriteite✓ en ontwikkel 'n aksieplan.✓
- Enige ander antwoord wat verband hou met die toepassing van die kragveldontledingstegniek om komplekse besigheidsprobleme op te los.

Maks (6)

4.6 Moeilike persoonlikhede

4.6.1 Tipe persoonlikehede uit die scenario

WERKNEMERS	SOORT MOEILIKE PERSOONLIKHEID	MOTIVERING
Albert	Deskundige√√	'n Werknemer met baie ervaring in die vervoerbedryf, weier om instruksies deur bestuur te aanvaar.√
Njabulo	Aggressief√√	Die toesighouer by LSS argumenteer en baklei altyd met die kliënte.√
	Submaks (4)	Submaks (2)

LET WEL: Ken geen punte toe vir die motivering indien die soort moeilike persoonlikheid verkeerd geïdentifiseer is. Maks (6)

4.6.2 Hantering van moeilike persoonlikhede in die scenario geïdentifiseer

Moeilike soort persoonlikheid	Strategie om moeilike persoonlikheid te hanteer
- Deskundige	<ul style="list-style-type: none"> - Wees ferm en selfgeldend.√√ - Moet hulle nie beskuldig dat hulle verkeerd is en sodoende by hulle gedrag betrokke raak nie.√√ - Ken jou feite.√√ - Enige ander relevante strategie wat verband met die hantering van 'n deskundige. Submaks (2)
- Aggressief	<ul style="list-style-type: none"> - Laat toe dat hulle praat en afblaas.√√ - Wees ferm, maar moenie hulle aanval nie.√√ - Moenie toelaat dat hulle vyandig is teenoor andere nie.√√ - Enige ander relevante strategie wat verband hou met die hantering van 'n aggressiewe persoon. Submaks(2)

LET WEL: 1. Sien SLEGS die EERSTE strategie vir elke moeilike tipe persoonlikheid na.

2. Strategieë moet met die korrekte geïdentifiseerde persoonlikheid in VRAAG 4.6.1 verband hou.

3. Ken punte toe vir strategieë wat op die motivering uit die scenario gebaseer is.

4. Die tipe persoonlikheid kan in enige volgorde wees. Maks (4)

4.7 Maniere om sosialeregte in die werkplek te bevorder

- Besighede moet verseker dat werknemers toegang het tot skoon water/sosiale sekuriteit.√√
- Moedig werknemers aan/Gee geleenthede vir vaardigheidsopleiding/basiese onderwys.√√
- Registreer werkers by WVF om genoegsame beskerming in die geval van werkloosheid/siekte te bied.√√
- Moedig werknemers aan om aan spesiale geleenthede, bv. Wêreld Vigsdag deel te neem.√√
- Verskaf gesondheidsorg dienste deur terreinklinieke te begin om werknemers toegang tot basiese mediese ondersoeke te gee.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die bevordering van sosiale regte in die werkplek.

LET WEL: Moet nie maniere wat mense- en/of ekonomiese regte bevorder, aanvaar nie. Maks (8)

[60]

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 4	PUNTE
4.1	5
4.2	8
4.3.1	6
4.3.2	9
4.4	8
4.5.	6
4.6.1	6
4.6.2	4
4.7	8
TOTAAL	60

VRAAG 5: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**5.1 Bronne van interne werwing**

- Interne e-posse/Intranet/webblad aan personeel√
- Mededeling (Word of mouth)√
- Besigheidsnuusbriewe/sirkulêre√
- Interne/bestuur verwysings√
- Kennisgewingsborde√
- Internebulletins√
- Aanbevelings van huidige werknemers√
- 'Head hunting' binne in die besigheid/organisissie se databasis√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met bronne van interne werwing.

LET WEL: Sien slegs die eerste VIER (4) na.**(4x1) (4)****5.2 Doel van induksie**

- Stel nuwe werknemers bekend aan bestuur/kollegas om verhoudinge met medewerkers op verskillende vlakke te vestig.√√
- Skep geleentheid vir nuwe werknemers om verskillende departemente te beleef/ondersoek.√√
- Verduidelik veiligheidsregulasies en reëls, sodat nuwe werknemers hul rolle/verantwoordelike in hierdie opsig sal verstaan.√√
- Kommunikeer inligting oor die Siphon Handelaars se produkte/dienste.√√
- Gee nuwe werknemers die geleentheid om vrae te vra wat hulle sal gerus stel/op hul gemak stel/stres/bekommernisse/onsekerhede sal verminder.√√
- Laat nuwe werknemers welkom voel deur hulle aan hul fisiese werksomgewing/spasie bloot/bekend te stel.√√
- Gee nuwe werknemers 'n toer/inligting oor die uitleg van die geboue/kantoor.√√
- Verbeter vaardighede deur indiensopleiding.√√
- Stel nuwe werknemers bekend aan die organisasiestruktuur/hul toesighouers.√√
- Verseker dat werknemers hul rol/verantwoordelike verstaan, sodat hulle meer effektief/produktief sal wees.√√
- Kommunikeer besigheidsbeleid ten opsigte van etiese/professionele gedrag/prosedures/indiensnemingskontrak/voorwaardes vir indiensneming√√, ens.
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die doel van induksie.

Maks (8)

5.3 Onderhoud

5.3.1 Rol van die onderhoudvoerder en aansoeker uit die scenario

ROL	AANHALINGS
Onderhoudvoerder/ Elzette	1. Kandidate het dieselfde hoeveelheid tyd gekry.√ 2. Hulle antwoorde is opgeneem.√
Aansoeker/ Kandidate	1. Alle kandidate het selfvertroue getoon.√ 2. Het vrae gevra om duidelikheid te kry.√

LET WEL: Ken geen punte toe vir antwoorde wat nie uit die scenario aangehaal is nie. **Maks (4)**

5.3.2 Rol van die onderhoudvoerder/Elzette tydens die voorbereiding vir 'n onderhoud

- Die onderhoudvoerder/Elzette behoort 'n kernstel vrae√, gebaseer op die vaardighede/kennis/vermoëns wat vereis word, op te stel.√
- Sy behoort elke kandidaat se aansoekvorm na te gaan/lees om CVs te verifieer√ vir enige inligting wat meer verduideliking mag vereis.√
- Bespreek en berei die lokaal√ vir die onderhoude voor.√
- Stel die onderhoudsdatum vas√ en verseker dat alle onderhoude, sover moontlik, op dieselfde datum plaasvind.√
- Stel al die gekortlyste kandidate in kennis√ van die datum en plek van die onderhoud.√
- Beplan die program vir die onderhoud√ en bepaal die tyd wat aan elke kandidaat toegewys moet word.√
- Stel die paneellede, wat die onderhoude gaan voer, in kennis√ van die datum en plek van onderhoude.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die rol van die onderhoudvoerder/Elzette wanneer vir die onderhoud voorberei word. **Maks (8)**

5.4 Onderskeid tussen posbeskrywing en posspesifikasie.

Posbeskrywing	Posspesifikasie.
- Beskryf pligte/ verantwoordelikhede/ van 'n spesifieke pos/Opsomming√ van die soort/aard van die pos.√	- Beskryf die minimum aanvaarbare persoonlike kwaliteite/vaardighede/ kwalifikasies√ benodig vir die pos.√
- Geskrewe beskrywing van die pos√ en sy vereistes.√	- Geskrewe beskrywing van spesifieke kwalifikasies/vaardighede/ondervinding√ benodig vir die pos.√
- Beskryf sleutel prestasie-areas vir 'n spesifieke pos,√ bv. postitel/ werksomstandighede/verhouding van die pos met ander poste in die besigheid,√ ens.	- Beskryf sleutelvereistes vir die persoon wat die pos moet vul√, bv. formele kwalifikasies/bereidwilligheid om te reis/ongereelde werksure,√ ens.
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met posbeskrywing	- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met posspesifikasie
Submaks (4)	Submaks (4)

LET WEL: 1. Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.

2. Verskille moet duidelik wees maar hoef nie gekoppel te wees nie.

3. Ken 'n maksimum van VIER (4) punte toe indien verskille nie

duidelik is nie/Sien posbeskrywing of posspesifikasie na. 4.Ken

EEN punt ELK toe vir 'n voorbeeld van posbeskrywing en posspesifikasie.

Maks (8)

5.5 Totale Gehaltebestuur

5.5.1 TGB-elemente

TGB-ELEMENTE	AANHALING
1. Deurlopende verbetering van prosesse en stelsels.√√	- Hulle gradeer hul produksieproses gereeld op om voor hulle mededingers te bly.√
2. Totale kliënte/klante-tevredenheid.√√	- Klante word altyd gevra om terugvoering oor hulle produkte te gee.√
Submaks (4)	Submaks (2)

LET WEL: Ken geen punte toe vir aanhaling indien die TGB-element verkeerd geïdentifiseer is.

Maks (6)

5.5.2 Impak van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels op groot besighede

Positiewe

- SLB het meer hulpbronne√ om gehalteprestasie in elke eenheid te beheer.√
- Genoeg kapitaalbronne is beskikbaar√ vir nuwe toerusting wat nodig is vir prosesse en stelsels.√
- SLB het 'n persoon wat toegewyd is aan√ die verbetering van prosesse en stelsels.√
- Bereid om risiko te neem op/nuwe prosesse en stelsels uit te toets√ omdat hulle die invloed van finansiële verliese kan absorbeer.√
- Hulle kan dit bekostig om dienste van die gehaltesirkels te gebruik,√ om voor mededingers te bly.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe impak van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels op groot besighede/SLB.

EN/OF

Negatiewe

- Groot skaal vervaardiging√ kan gehaltebeheer bemoeilik.√
- Dit neem tyd om prosesse en stelsels in SLB te implementeer,√ want kommunikasie/inkoop kan die proses vertraag.√
- Risiko dat dele van die besigheid√ wat eintlik goed werk, kan verander word.√
- Nie alle negatiewe terugvoering van werknemers en klante gaan akkuraat wees nie,√ wat daartoe kan lei dat verkeerde/onnodige veranderings aan stelsels en prosesse gemaak word.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe impak van die deurlopende verbetering van prosesse en stelsels op groot besighede/SLB.

OF

Impak van totale kliënte/klante-tevredenheid op groot besighede

Positiewe

- SLB gebruik marknavorsing/klante opnames√ om klante-tevredenheid te meet/monitor/klante se behoeftes te ontleed.√
- Bemark deurlopend√ die maatskappy se positiewe beeld.√
- Kan 'n toestand van totale klante-tevredenheid bereik, indien besighede gesonde besighedspreektyke volg√ wat alle belanghebbendes/rolspelers insluit.√
- Streef daarna om klante te verstaan en aan hul verwagtinge te voldoen√ deur kruisfunksionele spanne in kritiese prosesse daar te stel.√
- Verseker dat kruisfunksionele spanne hul kernbevoegdhede verstaan√ en dit ontwikkel/versterk.√
- Kan lei tot groter verbruiker retensie/lojaliteit√ en besighede kan hoër pryse vra.√
- SLB kan toegang kry√ tot globale markte.√
- Kan lei tot verhoogde√ mededingendheid/winsgewendheid.√

- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe impak van totale kliënte/klante-tevredenheid op groot besighede/SLB

EN/OF**Negatiewe**

- SLB wat selde met klante in aanraking kom√, het dikwels nie 'n duidelike begrip van wat klante se behoeftes sal bevredig nie.√
- Monopolistiese maatskappye het 'n groter bedingingsmag,√ en het dus nie nodig om altyd klante tevrede te hou nie.√
- Nie alle werknemers√ is betrokke by/toegewyd aan totale klante-tevredenheid nie.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe impak van totale kliënte/klante-tevredenheid op groot besighede/SLB

LET WEL: 1. Sien die EERSTE TGB-element na.

2. Ken punte vir soortgelyke feite toe indien die TGB-element foutiewelik in VRAAG 5.5.1 geïdentifiseer is.

Maks (8)

5.6 Impak van TGB wat swak geïmplementeer is deur besighede

- Stel onrealistiese spertye√ wat nie bereik kan word nie.√
- Werknemers is nie voldoende opgelei nie√ wat tot lae gehalte produkte lei.√
- Afname in produktiwiteit√, as gevolg van onderbrekings.√
- Besighede kan nie die nodige veranderinge aan produkte/dienste maak nie√ om so die behoeftes van die klante te bevredig.√
- Die reputasie van die besigheid/beeld kan skade lei√ as gevolg van swak kwaliteit/foutiewe produkte.√
- Klante sal baie alternatiewe hê om van te kies√ en die invloed kan vernietigend vir die besigheid wees.√
- Beleggers kan hul beleggings onttrek√, indien daar 'n afname in winste is.√
- Afname in verkope√, omdat terugsendings van ontevrede klante verhoog.√
- Hoë personeelomset√ as gevolg van swak vaardigheidsontwikkeling.√
- Ongedokumenteerde/Ongekontroleerde gehaltebeheerstelsels/-prosesse√ kan lei tot foute in/afwykings van voorafbepaalde gehaltestandaarde.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die impak indien TGB swak geïmplementeer is.

Maks (6)

5.7 Voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel

- Doeltreffende diens aan klante kan gelewer word, wat lei tot verhoogde klante-tevredendheid.√√
- Tyd en hulpbronne word doeltreffend benut.√√
- Produktiwiteit verhoog as gevolg van behoorlike tydsbestuur/gebruik van hoë gehalte hulpbronne.√√
- Produkte/Dienste word deurlopend verbeter, wat tot groter klante-tevredenheid lei.√√
- Visie en missie/Ondernemingsdoelwitte kan bereik word.√√
- Die onderneming kan 'n mededingende voordeel kry bo sy mededingers.√√
- Deurlopende opleiding sal die gehalte van werknemers se vaardighede/kennis voortdurend verbeter.√√
- Werkgewers en werknemers sal 'n gesonde werksverhouding hê wat gelukkige/produktiewe werkers tot gevolg het.√√
- Groter markaandeel/Meer klante verbeter winsgewendheid.√√
- Verbeter die onderneming se beeld, want daar is minder foutiewe produkte/terugsendings.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die voordele van goeie gehaltebestuurstelsel.

Maks (8)

[60]

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 5	PUNTE
5.1	4
5.2	8
5.3.1	4
5.3.2	8
5.4	8
5.5.1	6
5.5.2	8
5.6	6
5.7	8
TOTAAL	60

VRAAG 6: DIVERSE ONDERWERPE**BESIGHEIDSOMGEWINGS****6.1 PESTWO-elemente**

- 6.1.1 Sosiaal√√ (2)
- 6.1.2 Omgewings√√ (2)
- 6.1.3 Tegnologiese√√ (2)
- 6.1.4 Ekonomiese√√ (2)

6.2 Voordele van intensiewe strategieë vir besighede

- Verhoogde marktaandeel√ verminder die besigheid se kwesbaarheid vir mededingers se optrede.√
- Verhoging in verkope/inkomste/winsgewendheid√ as gevolg van 'n verskeidenheid bemarkingsveldtogte.√
- Beter dienslewering√ verbeter die besigheid se beeld.√
- Besighede kan meer beheer hê√ oor die pryse van produkte/dienste.√
- Verkry klante se lojaliteit√ deur effektiewe promosieveldtogte.√
- Vermindering in pryse√ kan klante beïnvloed om meer produkte te koop.√
- Gereelde verkope aan bestaande klante√ kan verhoog.√
- Skakel mededingers uit√ en domineer markpryse.√
- Stel die besigheid in staat om te fokus op markte/deeglik nagevorste gehalte produkte√ wat klante se behoeftes bevredig.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die voordele van intensiewe strategieë vir besighede.

Maks (6)

BESIGHEIDSGELEENTHEDE**6.3 Belangrikheid van 'n maatskappye in staatsbesit/MSB**

- Winste kan gebruik word om ander staatsdepartemente te finansier/belasting te verminder.
- Genereer inkomste om maatskaplike programme te finansier.
- Poste word vir alle vaardigheidsvlakke geskep.
- Bied noodsaaklike dienste aan wat nie deur die privaat sektor gelewer kan word nie.
- Billike pryse word gehandhaaf skeep gesonde mededinging met die privaat sektor om dienste bekostigbaar vir meer landsburgers te maak.
- Onnodige duplisering van dienste word uitgeskakel.
- Beplanning kan deur sentrale beheer gekoördineer word.
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die belangrikheid van 'n maatskappye in staatsbesit/MSB.

Maks (6)**6.4 Versekering****6.4.1 Aweryklousule****Maks (2)****6.4.2 Betekenis van die aweryklousule**

- 'n Bepaling deur die versekeraar wat van toepassing is wanneer eiendom/ goedere onderverseker is/verseker is vir minder as die markwaarde.
 - Die versekeraar sal betaal vir die versekerde verlies/skade in verhouding tot die versekerde waarde.
 - Dit beteken dat die versekerde verantwoordelik is vir 'n deel van die risiko wat nie verseker is nie.
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die betekenis van die aweryklousule.

Maks (4)**6.4.3 Voordele van versekering vir besighede**

- Verplaas die risiko van die besigheid/versekerde na 'n versekeringsmaatskappy/ versekeraar.
- Verplasing van die risiko is onderhewig aan die terme en voorwaardes van die versekeringskontrak.
- Beskerm die onderneming teen diefstal/verlies van voorraad en/of skade veroorsaak deur natuurlike rampe soos vloede, stormskade, ens.
- Die besigheid sal vergoed word vir versekerbare verliese, bv, vernietiging van eiendom deur vuur.
- Besigheidsbates, bv. voertuie/toerusting/geboue behoort verseker te wees teen skade en/of diefstal.
- Besighede is beskerm teen 'n verlies aan inkomste, bv. stakings deur werknemers wat kan lei tot verliese van miljoene rande se inkomste.
- Beskerm besighede teen die oneerlike dade van werknemers.
- Lewensversekering kan uitgeneem word op die lewe van vennote in 'n vennootskap, om verlies aan kapitaal te beperk.
- Indien die dienste van sleutelpersoneel weens ongelukke/dood verlore raak, kan die opbrengs uit 'n versekeringspolis aan die besigheid/begunstigdes uitbetaal word.
- Vervangingskoste van beskadigde masjinerie/toerusting is baie hoog, en daarom kan versekering sodanige koste verminder/dek.
- Beskerm die besigheid teen eise wat deur lede van die publiek ingestel kan word vir skade wat die besigheid voor verantwoordelik is.

- Beskerm die besigheid teen verliese as gevolg van die dood van 'n debiteur/skuldenaar.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die voordeel van versekering vir besighede.

LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.

(2 x 2) (4)

BESIGHEIDSROLLE

6.5 Voorbeelde van onbillike reklame

- Die gee van misleidende name vir goedere/Vals etikettering.√
- Verkoop tweedehandse goedere as nuwe goedere.√
- Oordryf die meriete van die produk.√
- Gebruik fynskrif om belangrike inligting te versteek.√
- Kritiseer mededingers se goedere.√
- Uitbuiting van kinders se gebrek aan begrip.√
- Misbruik van mense met gestremdhede in 'n advertensie.√
- Advertensies wat geweld aanmoedig.√
- Advertering van goedere teen 'n baie lae prys om kliënte te lok maar wanneer die kliënt by die winkel aankom is daardie item nie meer daar nie/Lokaasbemarking.√
- Advertering van 'n produk met ekstra items maar stel dit nie duidelik dat hierdie items uitgesluit is nie.√
- Enige ander relevante voorbeeld van onbillike reklame.

LET WEL: Sien slegs die eerste VIER (4) na.

(4 x 1) (4)

6.6 Probleemoplossingstegnieke

6.6.1 Leë stoel√√

6.6.2 Nominale groep√√

6.6.3 Delphi√√

Maks (6)

6.7 Strategieë om die prysbepaling van goedere in landelike gebiede te hanteer

- 'n Besigheid kan saam met ander besighede in die omgewing druk op die regering uitoefen om infrastruktuur in die plattelandse gebied te verbeter.√√
- Vra billike/markverwante pryse vir goedere en dienste.√√
- Vermyn onetiese sakepraktyke om klante se lojaliteit te wen/behou.√√
- Ondersoek koste-effektiewe maniere om produkte te vervoer/Huur 'n groot trek om aflewering van winkeleienaars in dieselfde omgewing te kombineer.√√
- Werk saam met verskaffers om afleweringkoste in verafgeleë gebiede te deel.√√
- Enige ander relevante aanbeveling wat verband hou met maniere waarop prysbepaling in plattelandse gebiede hanteer kan word.

Maks (6)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**6.8 Betekenis van plasing**

- Gekeurde kandidate word geplaas waar hulle optimaal sal funksioneer√ en waarde tot die besigheid voeg. √
- 'n Spesifieke taak√ word aan die gekeurde kandidaat toegewys.√
- Die kwalifikasies/vaardighede/persoonlikheid van die gekeurde kandidaat word gepas√ met die vereistes van die taak.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met plasing as 'n menslike hulpbronsfunksie.

LET WEL: Ken geen punte toe vir die plasingprosedure nie.**Maks (2)****6.9 Salaris bepalingsmetodes****Stukwerk√√**

- Werknemers word betaal volgens die aantal items/eenhede geproduseer/ handeling uitgevoer.√
- Werknemers word nie vergoed vir die totale aantal uur gewerk nie, ongeag hoe lank dit geneem het om die items te voltooi.√
- Meestal gebruik in fabriek, veral in tekstiel-/tegnologiebedrywe.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die stukwerk salaris bepalingsmetode.

Metode (2)

Verduideliking (1)

Submaks (3)

Tydverwant√√

- Werknemers word betaal vir die hoeveelheid tyd wat hulle by die werk/aan 'n taak spandeer het.√
- Werknemers met dieselfde ondervinding/ kwalifikasies word betaal volgens salarisskale ongeag hoeveel werk gedoen is.√
- Baie private- en openbaresektor-besighede gebruik hierdie metode.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die tydverwante salarisbepalingsmetode.

Metode (2)

Verduideliking (1)

Submaks (3)

Maks (6)**LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**

6.10 Aspekte wat in die indiensnemingskontrak ingesluit moet word

- Persoonlike besonderhede van die werknemer.√√
- Besonderhede van die besigheid/werkgewer, bv. naam/adres, ens.√√
- Postitel/Posisie.√√
- Posbeskrywing, bv. pligte/werksomstandighede.√√
- Possesifikasie, bv. formele kwalifikasies/bereidwilligheid om te reis.√√
- Indiensneming/Aanvangsdatum.√√
- Plek waar werknemer meeste van sy/haar werkstyd sal spandeer.√√
- Werksure, bv. gewone tyd/oortyd.√√
- Vergoeding, bv. weekliks of maandelikse betaling.√√
- Voordele/Byvoordele/Toelaes.√√
- Verlof, bv. siek-/kraam-/jaarlikse/aannemingsverlof.√√
- Werknemer aftrekkings (verplichtend/nie-verplichtend).√√
- Termyn van die kontrak/Besonderhede van beëindiging.√√
- Proeftydperk.√√
- Handtekening van beide die werkgewer en werknemer.√√
